Waterkruik

JAARGANG 55 NO 46 2 Desember AD 2018

EREDIENSTE VIR DIE VOLGENDE DRIE SONDAE

Dr. Douw en Elize is vanaf komende Woensdag tot die 22ste Desember met verlof. Ons wens hulle 'n aangename rustyd toe.

Die eredienste vir Desember word soos volg gelei:

Volgende Sondag
oggend en aand - Dr. Juan Mienie

Sondagoggend 16 Desember
Ds Eddie Tiememsma – Emeritus GK Kemptonpark

Sondagaand 16 Desember
Ds Danie Snyman - Emeritus GK Magalieskruin

Sondag 23 Desember
Beide eredienste: dr. Douw Breed

Kersdag, Dinsdag 25 Desember 2018 vind daar om 09:00 'n gesamentlike erediens met Alkantrantgemeente in ons kerkgebou plaas. Dr. Douw sal die erediens lei. Die diens word ook direk op die internet uitgesaai.

DIENSBEURTE

Vandag: Wyk 1 & 2
Ouderlinge: Corrie Skinner en Gerrit Broos
Diaken: Loutjie Coetzee

Volgende Sondag: Wyk 3 & 4
Ouderlinge: Willie Enslin en Gerhardt Koekemoer
Diaken: André Els

KOLLEKTE BY DIE DEURE
Die res van hierdie jaar word die kollekte by die deure afgesonder vir die Kerkkas.

TEESKINKBEURTE
Baie dankie aan die susters van wyk 8 wat vanoggend o.l.v. Hannie Kolhmeyer tee en koffie bedien.
Volgende Sondag is dit die beurt van wyk 9 o.l.v. Annette Coetzer.

VERJAARSDAE
Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Mag die Here, die Bron van vrede, self altyd en op elke manier vir julle vrede gee."
2 Tessalonisense 3:16

Maandag 3 Desember
Sr. Marli de Beer 073 294 5331

Dinsdag 4 Desember
Sr. Elaine Oberholzer 074 454 8223
Aliya Wepener 083 475 5050

Vrydag 7 Desember
Sr. Janine de Beer 082 600 3709

MEELEWING
Sr. Joan Venter is steeds in 'n versorgingseenheid waar sy aansterk na haar hartoperasie. Sy is nog baie swak maar daar is tog beterskap.
084 420 0002

Ons wens ook al ons leerlinge, in besonder die matrieks, toe vir die eksamenuitslae wat voorlê. Ons vertrou hulle sal almal goed doen…..en geniet 'n heerlike Desember vakansie.

BEVESTIGING EN LOSMAKING
Hartlik geluk aan br. Alwyn Rossouw wat vanoggend as ouderling bevestig word. Ons bid jou die Here se seën toe op die werk wat jy vir Sy Koninkryk gaan doen.

Br. Piet Malan ontvang vanoggend losmaking uit die amp van ouderling.

" Daarom bid ons ook altyd vir julle: Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het, en mag Hy deur sy krag julle liefde vir die goeie en die werk van die geloof volkome maak. So sal die Naam van ons Here Jesus deur julle verheerlik word, en julle deur Hom in ooreenstemming met die genade van ons God en van die Here Jesus Christus"

(2 Tes. 1:11 en 12)

BEROEPENUUS

Geen.

DIE PRENTJIEKOMPETISIE VIR DIE KUIERKAFEE BIBLIOTEEK

Baie dankie al die kinders wat aan die kompetisie deelgeneem het. Die gelukkige wenners was Pieter & Mark Lindeboom. Geluk!



KUIERKAFEE

Die gesprek by die Kuierkafee was oor Hongarye na aanleiding van Dr Douw en Elize se toer in Hongarye wat gevolg het direk na Dr Douw en Ds Malan van Rhyn se amptelike sending.

Elize met haar rustige stem het doen die praatwerk gedoen terwyl Dr Douw die elektronika beman het.

Budapest, hoofstad van Hongarye, word deur die Donaurivier in twee verdeel. Hongare is baie vriendelik, maar kommunikasie is uiters moeilik as gevolg van hulle moeilike, onbekende taal, en die feit dat min mense Engels magtig is.
Die vooroorlogse lewenswyse was dramaties anders as die na-oorlogse. Baie grondbesitters en huiseienaars het hulle besittings verloor. Baie mense leef baie beskeie 'n semi-klein hoewe bestaan. Erwe wissel van ±3 hektaar tot klein erfies, klein huisies met 'n paar rye kombuisgroente en 'n paar hoenders en 'n melkbok as besittings. Die lewensatmosfeer is blykbaar rustig, maar privaat; daar is geen uitspattige rykdom sigbaar nie. Vervoer bestaan uit fietse en klein tipe motors.
Die natuur en omgewing is mooi en rustig. Hulle groep het elke dag met 'n bekende as gids getoer. Die laaste dag daar moes hulle egter die dag en nag se reëlings self tref, wat toe byna hulle begroting omver gegooi het
Hulle reis was rustig, aangenaam en leersaam, en dit was 'n besondere belewenis om kennis te maak met anderslewende gelowiges en om gesamentlik so 'n besondere geleentheid te deel.

Dit was 'n interessante verslag. Dankie vir die dames wat die heerlike verversings voorberei het. Ons het dit baie geniet.
Tjaart van der Walt

GELOFTEFEES BY DIE GEREFORMEERDE KERK WONDERBOOMPOORT

Sondag, 16 Desember 2018
08:55 Samesang:
09:00 Erediens gelei deur Ds. Pieter le Roux.
Bloedriviergelofte van 1838 word herbevestig.

Adres: Genl. Beyersstraat 256, Pretoria-Noord. Navrae: **082 670 1961**

ALLERLEI

WOLMER GEMEENSKAPSPROJEK

U ondersteuning vir die volgende behoeftes sal waardeer word:

- Kerskospakkies vir 196 families – Benodig dringend die volgende - 500g rys (18), 410g perskeskywe in stroop (196), jellie (18), 125g vlapoeier (18), "Bakers Tappers"-koekies (18), 50g soppoeier (196), 410g gebakte bone (18)

en 410g geblikte ertjies(196) . Finansiële donasies welkom, gebruik asb "Kerskospakkie" as verwysing.

- Bederfbare en nie-bederfbare kos bv. blikkieskos, pasta, papmeel, groente en ander. Hulle het verkoelingsgeriewe.
- Finansiële donasies kwalifiseer vir 'n art 18A-belastingsertifikaat (op aanvraag).

U kan u skenking in ons kombuis laat.

NICKLE KERSMARK

24 November tot 9 Desember van 09:00 tot 18:00
Meer besonderhede www.nicklemarket.co.za

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Dr. Douw Breed
Duikerlaan 52
MONUMENTPARK
012 460 0700

SKRIBA
Eddie Trollip
083 230 4245

WEEKKOSTER:
Nienke vd Walt: 083 398 9080

KANTOOR: Nienke vd Walt
012 460 6925 en 012 998 0912

ATTESSKRIBA
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OUDL SKRIBA
Corrie Skinner
082 494 0309

KANTOORURE:
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd die kantoor skakel en jou oproep sal beantwoord word omdat die telefoon deurgeskakel is na die selfoon.

VOORSITTER DIAK.
Loutjie Coetzee
083 457 8489

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 8675

BANKBESONDERHEDE
Kerk:
ABSA : Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

e-pos kerk:nwgkw@telkomsa.net

webwerf:
www.gkwaterkloofrand.org.za
Op die webwerf kan u etlike jare se preeksketse van dr. Douw lees en daar is ook skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

Diakens:
ABSA: Diakonie Spaar
Rek. No. 9139785681

PARKERING
Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat.(die terrein word gesluit gehou)

SONDAGKOSTER:
André Els: 082 828 1910

PREEKVERDUIDELIKINGS
Tydens oggenddienste word die preek van die oggend vir die kindertjies vanaf 4 jaar tot die in graad 4 deur 'n suster of susters in die

saal verduidelik. Dit vind net plaas as dr Douw preek en ook nie gedurende vakansies en langnaweke nie. Dit word slegs tydens die preek en onder toesig van die beurtsouderling gedoen.

FOTO'S van die gemeente se lidmate kan besigtig word op die kennisgewingbord op die stoep van die kerkgebou.